

6 Februarie 2025

Beste studente

REGISTRASIE: JONGSTE VERWIKKELINGE

Welkom terug op kampus aan al ons terugkerende studente, en welkom vir die eerste keer aan al ons nuwelingstudente! Ek is so bly om met julle te kan deel dat Registrasie 2025 beduidend gladder verloop as in 2024, met 26 400 studente wat teen Woensdag, 5 Februarie 2025 geregistreer was. Ons is egter bewus van talle studente se onsekerheid en angstigheid oor die finansiële beperkings wat terugkerende studente raak, en die finansiële blokke wat studente met uitstaande skuld verhoed om vir hierdie akademiese jaar te registreer.

Vir sommige studente verdraag uitstaande uitslae die bevestiging van voortgesette befondsing; ander word geraak deur die vertraging van NSFAS se befondsingsbesluite, en die [NSFAS-afsluitingsprojek](#) (*close-out project*) wat daarop gemik is om uitstaande betalings van vorige jare te finaliseer.

Ons personeel ondersoek die onderliggende redes vir die onderskeie finansiële blokke op studenteprofiele en moontlike oplossings. Ondanks ons dringende aandag aan hierdie kwessies, sal sommige moontlik 'n bietjie langer neem om op te los. Om ons studente te ondersteun, is die volgende tussentydse maatreëls in werking gestel:

- **Registrasietydperk verleng tot 21 Februarie 2025**

Om tyd te gee om haakplekke op te los, om blokke op te hef, en alternatiewe befondsing te vind, indien nodig, word die registrasietydperk vir terugkerende voorgraadse en nagraadse studente (nuwe eerstejaarstudente uitgesluit) met finansiële blokke tot 21 Februarie 2025 verleng. Dit is slegs van toepassing op administratiewe/ondersteunde registrasies, aangesien aanlyn registrasie op 6 Februarie 2025 gesluit het.

Tot 21 Februarie 2025 word die fooi vir laat registrasie vir hierdie studente kwytskeld. Dit is ook die finale datum vir module- en programveranderings, asook laat registrasies van voorgraadse en nagraadse studente (buiten nuwe Meesters- en Doktorsgrade).

Die finale registrasiedatum vir nuwe meesters- en doktorale studente wat vanjaar vir die eerste keer inskryf, is 27 Maart 2025, buiten sommige gestruktureerde meestersprogramme met vroeë registrasiedatums soos deur die onderskeie departemente gekommunikeer.

- **Tydlike toegang tot SUNLearn**

Neem asseblief kennis dat hierdie groep studente hul lesings moet bywoon en assesserings (waar van toepassing) moet voltooi terwyl hulle wag dat haakplekke opgelos en blokke opgehef word. Klasse vir voorgraadse studente (buiten studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en in sommige programme met vroeë begin datums) begin op Maandag, 10 Februarie 2025.

Studente met befondsingvertraging sal tydelik toegang kry tot die SUNLearn platforms. Studente op die Stellenbosch-kampus wat tydelike toegang nodig het, moet hulle versoeke [HIER](#) oplaai.

Studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat tydelike toegang tot FMHSLearn benodig, moet met hul onderskeie programkoördineerders in verbinding tree.

- **Fakulteit-gebaseerde SUNLearn platforms**

Ter voorbereiding vir die 2025 akademiese jaar was daar migrasie van SUNLearn na nuwe fakulteit-gebaseerde leerplatforms. Julle sal dus julle 2025-modules waarvoor julle volgens die onderskeie fakulteite geregistreer het, by die volgende adresse vind:

EMSLearn (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Krygskunde):

<http://emslearn.sun.ac.za>

FHMSLearn (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe): <http://fmhslearn.sun.ac.za>

SocSciLearn (Opvoedkunde, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Regsgeleerdheid en Teologie): <http://socscilearn.sun.ac.za>

STEMLearn (AgriWetenskappe, Ingenieurswese en Natuurwetenskappe):

<http://stemlearn.sun.ac.za>

Hierdie [grafiese voorstelling](#) gee 'n uiteensetting van die noodsaaklike inligting oor die nuwe leerplatforms.

- **Verklarings vir studielening-aansoeke**

In gevalle waar studente op grond van hul studierekords kan registreer mits hulle die vereiste finansiering kan bekom, kan die Registrateursafdeling 'n verklaring uitreik om studente te help met leningaansoeke. Navrae: records@sun.ac.za

Daar is 'n aantal opsies en geleenthede vir studente om finansiële ondersteuning te bekom. [Lees meer](#) oor lenings, skarefinansiering (*crowd funding*), private befondsing en US-befondsingsmoontlikhede.

- **Kommunikasie met beursdonateurs**

Ons kommunikeer met donateurs oor beurshouers se akademiese uitslae in gevalle waar die amptelike akademiese rekords nog nie beskikbaar is nie.

Kontakbesonderhede

Kontak ons gerus as julle hulp benodig:

- Navrae: 021 808 9111 of info@sun.ac.za
- Voorgraadse beurse: 021 808 3530 of doen navraag via die aanlyn [dienstoonbank](#)
- Nagraadse beurse: 021 808 4208 of postgradfunding@sun.ac.za

Onderbreking of staking van studies

Voorgraadse en nagraadse studente wat nie vir die 2025 akademiese jaar kan registreer nie, en hul studies tydelik wil onderbreek, maar in 2026 wil terugkeer, kan by hulle fakulteite aansoek doen om hul studies vir een akademiese jaar te onderbreek. Die sluitingsdatum vir studieonderbrekingaansoeke vir alle programme vir 'n volle jaar, is 30 April 2025. Die [aansoekvorm](#) vir studieonderbreking moet vir verdere verwerking by die betrokke [fakulteitsadminstrateur/-beampte](#) ingedien word. Raadpleeg die [Algemene Jaarboek \(Deel1\)](#) vir volledige besonderhede oor die onderbreking van studies.

As jy nie van plan is om jou studies voort te sit nie, moet jy die US formeel en skriftelik in kennis stel van die staking van studies. Jy moet kennis neem van die relevante kennisgewingsdatums en die koste-implikasies soos uiteengesit in die [Jaarboek \(Deel 3: Studentegelde\)](#). Voltooi die [aansoekvorm vir staking van studies](#) en stuur dit na die Kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za sodat jou versoek verwerk kan word.

NSFAS

Studente wat elektronies versoeke van NSFAS ontvang het om hul SARS-dokumentasie (ITA34) in te dien, word aangemoedig om dit so gou moontlik te doen sodat hul aansoeke verwerk kan word. Studente met 'n huishoudelike inkomste wat nie die NSFAS-perk van R350 000 per jaar oorskry nie, sal na die NSFAS-beurskema verwys word. Studente met 'n huishoudelike inkomste van meer as R350 000 per jaar sal inligting oor die NSFAS-leningskema ontvang.

Ons verstaan dat verdragings en onsekerheid vir julle rede tot kommer is. Vandaar ons hoëprioriteitpogings om groter duidelikheid te gee en maniere te verken om ons studente van hulp te wees.

Ek wens julle net die beste toe vir die 2025 akademiese jaar wat Maandag begin.

Vriendelike groete,

Dr Ronel Retief
Registrateur

* Vertaling van Engelse skrywe (*Registration update*) wat op 6 Februarie 2025 elektronies versend is.